Laerskool Queenswood

Omsendbrief 18

8 Junie 2011

Geagte Ouers en Voogde

VRYDAG 17 JUNIE 2011:

Vrydag, 17 Junie 2011 is 'n skole-vakansiedag. Die naskool sal oop wees (indien daar so 'n behoefte is).

URE: *Oop:* 06:30 *Toe:* 17:30

FOOIE: *Naskoolleerders:* R10.00

Dagleerders/Nie-naskoolleerders: R30.00

KOEKSISTERS:
Onthou om u koeksisters wat deur die Klein Q's verkoop word, te bestel. Die klein koeksisters se prys is R20.00 per dosyn en groter koeksisters R30.00 per dosyn. Die bestellings sluit 15 Junie 2011 en aflewering vind op 22 en 23 Junie 2011 plaas.

FOTO'S:
Leerders wat aan eerste en tweede kwartaal aktiwiteite deelgeneem het en van wie op 17 Mei 2011 foto's geneem is het fotobestellings ontvang. Indien daar 'n leerder is wat nog nie so 'n koevert onvang het nie, moet asseblief by mej. Grober een kom afhaal. Die fotobestellings sluit op 29 Julie 2011.

ABE BAILEY TWEETALIGHEIDSBEVORDINGSKEMA:
Skole oor die hele Pretoria neem jaarliks aan die Abe Baley Tweetaligheidstoespraak-kompetisie deel. Volgens die grootte van die skool mag ons twee leerders inskryf.
Megan Kayser en Jonathan Britz het deelgeneem en het deurgedring na die finale rondte. Megan het negende geëindig en saam het hulle gesorg dat Queenswood vyfde in die kompetisie geëindig het.

BARNYARD:
Ondersteun ons graad 7-fondsinsamelingsprojek, "Super Troupers"-vertoning te Barnyard, Menlyn, 23 Junie 2011 teen R120.00 per persoon. Daar is nog 24 kaartjies beskikbaar. Kontak die kantoor in hierdie verband.

NETBAL:
Baie geluk aan ons 0/12-netbaldogters wat ligawenners en distrikwenners is. Hulle het in die semifinaal Laerskool Voorpos gewen en in die finaal Laerskool Stefanus Roos gewen.
Tydens die Tshwane kampioenskappe het ons sesde in die algeheel van al die skole (groot– en kleinskole) in Pretoria geëindig.

RUGBY:
Baie geluk aan die 0/11-rugbyseuns wat ligawenners is. Hulle gaan eerskomende Donderdag, 9 Junie 2011, teen Pretoria-Oos te Laerskool Totiusdal in die semi-finale vir bond C uitspeel.

ALERT AD KAART:
Alert staal is 'n verskaffer van staal, bewapeningstaal, hardeware, boumateriaal, loodgietersware en nog vele meer! Doen aansoek vir 'n Alert Edu Kaart by die skool of by u Alert staalhandelaar. 10% Van die wins van al u kontantaankope word in die skool se rekening inbetaal en 10% word in u kind se skoolfondsrekening inbetaal.

Vriendelike groete

.....
R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Vrydag 17 Jnie 2011

Koeksisters

Foto's

Abe Baley

Barnyard

Netbal

Rugby

Alert Ad kaart